ELDIE nuus news

ELDORAIGNE
AFTREELANDGOED · RETIREMENT ESTATE

Junie 2022

## JEUGDAG 16 JUNIE

Op hierdie stadium van ons lewe, is ons jeug ons kleinkinders… en agterkleinkinders as ons gelukkig is. Dit help nie om in 'n deftige kliniese aftreehuis te bly waar jou kleinkinders onwelkom voel nie. Jy het dalk baie min tyd met hulle oor.

Rig jou huis só in dat jou kleinkinders tuis en gelukkig sal voel. Indien jy waardevolle meubels en ornamente in die sitkamer het, rig vir hulle 'n ander speelplek in waar hulle ongestoord kan speel: 'n tweede slaapkamer, stoep of deel van die motorhuis.

Wat maak dit saak dat jy weer die huis "in orde" moet kry wanneer hulle weg is-wat maak dit saak dat jy weer die vloer moet mop al is dit nie normale skoonmaakdag nie-wat maak dit saak dat jy die volgende dag heeldag moet rus net om weer jou kragte te herwin?

## FATHERSDAY 19 JUNE

A husband is that "special guy" that you yourself picked out… as being nice to be around and nice to think about….. the one you wanted most of all to share your hopes and schemes…. the one you're glad to waited for …. the answer to your dreams… the one who had that special way of being dear and sweet… the one who made your life worthwhile, your happiness complete….

A husband may not speak of love as often as he should… because he feels the love you share is clearly understood…. and yet, he lets you know he cares in countless little ways …. and it's his smile you count upon to brighten cloudy days … so, all in all, a husband is a pretty special guy… and, naturally, you love him more as every day goes by…. and even when you do not say the things you feel about him…. or tell him just how meaningless your life would be without him… you think somehow he understands…you're proud to be his wife….and that his love will always be…your greatest joy in life.

(Lucille Boesken)

## ‘n LAASTE GESPREK… MET ……HANSIE

Hansie Marais, Eldoraigne Aftree Landgoed se eerste Algemene Bestuurder, het bedank en verlaat ons aan die einde van Mei 2022. Hy was hier in diens sedert die eerste inwoners in 2015 ingetrek het en het bykans almal op die naam geken. Hy was ‘n uitstekende diplomaat; kon selfs die moeilikste inwoner met grasie en geduld hanteer, maar het die leisels styf vasgehou.

**‘n Bietjie geskiedenis..**

Hansie is gebore in Upington in 1957; maak matriek in 1974 by HS De Aar. Sy loopbaan begin by die Spoorweë (tans Transnet) in Kimberley, en kort daarna word hy verplaas na Pretoria waar hy die volgende 38 jaar in die Eiendomsafdeling gewerk het.Hy verwerf die graad BCom  (Regte) en ‘n Nasionale Diploma in Eiendomsontwikkeling en Bestuur by Unisa. Na vroeë aftrede begin hy by CSi werk. Hy is 42 jaar getroud met Lois, ‘n onderwyseres en hulle het twee dogters (‘n radiografis en ‘n onderwyseres) en hulle het een kleinkind.

Hansie het ‘n passie vir fiksheid. Hy het die Comrades 14 keer voltooi, doen graag padwedlope en net voor “lockdown”  het hy nog ‘n 50km-“om die dam” wedloop gehardloop.  Hy kyk graag sport , veral rugby en ondersteun die Lions. As stokperdjie hou hy daarvan om met sy hande te werk, veral houtwerk.

Volgens sy vrou, Lois, “ was dit al van kleintyd af sy droom om in die natuur te werk, en nou na 65-jaar kry hy die geleentheid om in die Kalahari op ‘n plaas sy droom te gaan uitleef. ”

Sy nuusbriefinsette, veral tov taal en taalgebruik, maar ook ander bydraes, was altyd hoog waardeer. Wie gaan nou die proefleser se proeflees doen?

(REDAKTEUR: ELDIE NUUS)

**HANSIE GROET**

Dis met ‘n swaar hart dat ek die landgoed aan die einde van Mei 2022 gaan verlaat. Ek het sedert November 2015 saam met die landgoed en die eerste inwoners begin groei en oor die afgelope aantal jare wonderlike vriende gemaak. Elke inwoner het ‘n spesiale plek in my hart. Saam het ons projekte aangepak en baie gelag, maar ook hartseertye beleef.

Die COVID-19 pandemie was vir my persoonlik baie hartseer omdat ek my skoonseun as gevolg van COVID-19 verloor het. Dit het egter daartoe bygedra dat ek ook elke keer met groot begrip en empatie saam met elke inwoner sy of haar hartseer kon beleef wanneer ‘n geliefde gesterf het. Ek het ook ervaar dat hierdie moeilike tyd die inwoners as ‘n gemeenskap nader aan mekaar gebring het.

Ongelukkig is dit so dat ek nie altyd almal kon tevrede stel nie, maar ek het altyd daarna gestreef om binne die reëls tot voordeel van die landgoed en sy inwoners op te tree. Die CSi-span wat agterbly, is uiters bekwaam en ek wil asseblief vra dat julle hierdie span, asook my opvolger, sal ondersteun.

Aan elkeen wie ek nie persoonlik kan groet nie, wil ek baie dankie sệ vir al julle ondersteuning, geduld en samewerking deur al die jare. Ek gaan julle mis. Dit was net ‘n plesier om deel van Eldoraigne Aftreelandgoed te kon wees.

Groete
Hansie Marais.

## HEV GROET: SEëN EN VOORSPOED

Wat 'n skok toe ons Landgoedbestuurder kennis gegee het! Ons het hom probeer oortuig, maar helaas, Hansie het besluit om in die Kalahari te gaan boer-'n plek wat baie diep in sy hart gekruip het.

So kom ons almal by 'n kruispad nệ, daarom…is dit só moeilik om totsiens te sệ vir spesiale mense. Jy neem so maklik aan hulle sal maar altyd deel wees van jou daaglikse bestaan. Op 'n dag verander alles en die toekoms lyk skielik onseker.Sekere vriende kan nie vervang word nie. Ja, mens maak nuwe vriende, maar sommige vriende bly net altyd onvervangbaar!

Die **HEV** wil vir Hansie dankie sệ vir sy onbaatsugtige werk. Ons het hom leer ken as 'n man met integriteit en 'n passie vir sy werk. Niks was ooit te veel vir hom nie. Veral tydens die COVID-pandemie het hy en sy span groot werk verrig. Kommunikasie met die Department van Gesondheid om die inentings op die landgoed te laat plaasvind was nie 'n maklike taak nie, maar hy was suksesvol en het die proses vir die inwoners makliker gemaak. Die manier hoe dit hanteer is was merkwaardig.
Hansie, die HEV en die inwoners wil jou en Lois net die beste toewens met julle nuwe avontuur.

BON VOYAGE!

## CSi GROET

Dit is met' swaar hart dat ons afskeid neem van een van ons beste Algemene Bestuurders en goeie vriend, Hansie Marais. Ons is seker dat, net soos hy deel geword het van ons familie by CSi, het hy by julle harte ingekruip by die Landgoed,met sy goeie sin vir humor en warm geaardheid.

Hansie is 'n hardwerkende, lojale en gedrewe persoon wat 'n goeie leier en vriend vir al sy personeellede en mede kollegas was. Sy kennis en ervaring was 'n bate vir ons maatskappy en sy toewyding en passie vir sy werk was eenvoudig onvergelykbaar. Ons is seker dat almal sal saamstem dat Hansie hoë standaarde gestel het vir die persoon wat sy rol gaan oorneem.

Hansie, dankie dat jy altyd bereid was om saam in die wen en verloor, die oorwinnings en die beproewings te deel. Dit was 'n ware voorreg om saam met jou te kon werk; ons wens jou alle sterkte toe met jou nuwe avontuur.

Mag die Here jou en jou familie se pad vorentoe ryklik seën. Ons sal jou mis.

Stephan Craggs
CSi Property Management- Direkteur

**MY LAASTE GESPREK MET ……HANSIE**

My persoonlike ervaring…

Hansie was altyd bereid om sy hande uit sy moue te steek en my persoonlik  behulpsaam te wees..
…wanneer ek toue moes span sodat slootjies gegrawe kon word waar water teen die mure opdam, het hy die bukwerk gedoen…
…wanneer ons met die groot bakkie gery het om klippies te gaan koop, het hy die voetstoeltjie opgelaai omdat my bene te kort was…
…wanneer die parmantige tuinwerkers en klagtes my versondig het, kon hy my kalmeer…  (Marelize!)

'n Regte platjie ook. Hy het dikwels grappies gemaak en kon my siel uittrek met moedswillige aanmerkings wat my bloeddruk opgejaag het. Hansie was een van die min mense by die Landgoed met wie ek 'n goeie werksverhouding en konneksie gehad het en met wie ek "sense" kon praat.

Sy weggaan is vir my 'n persoonlike slag. Baie dankie vir jou wonderlike humorsin, gekskeer, en ondersteuning .

Ina Niemann












help rotlokvalle uitplaas...

aankoop van tieroogklippies..







skuif van sementpotte

span van toue

kersboomversierder..






as bussie-bestuurder...

as "ontvangsdame"...



toesighouer tydens kermis



geniet die kersete




tree op as skeidsregter tydens die salon-trekking



help tydens "Cupcakes for Cancer"



stap met sy dogter om die woonstelle tydens kermis



en ook die "druiwe"



Vier die kiosk se verjaardag



Magdel en At Gricius (1223) vier 60 jaar van getroude lewe saam in April



Rosie en Gert Page (1011) vier ook 60 jaar saam in April



noodsakke (sien bl 10)





Straatbraai in Willis se blok

## BESPREKINGSGROEP SWENDELAARS/SKELMS=MISDADIGERS

Omdat verskeie van ons inwoners gedurende die afgelope tyd deur skurke geteiken is en uit groot bedrae geld bedrieg is, het ons gereël dat 'n IT-deskundige ons kom inlig oor die metodes wat swendelaars gebruik.

Antonio D'Amico kom voortdurend, uit die aard van sy beroep, in aanraking met die slim planne en oortuigende toneelspel waarmee goedingeligte skelms ons van ons swaarverdiende spaargeld wil beroof.

Hy sal op Dinsdag 14 Junie om 10h00 in die saal verduidelik hoe ons verdagte oproepe of rekenaarboodskappe kan herken en hoe ons in sulke gevalle moet optree.

Kom luister gerus. Dit kan jou bes moontlik 'n aardige bedrag bespaar.

## MONTHLY CHAT TRICKSTERS/SCAMSTERS=CRIMINALS

A number of our residents have recently been targeted by criminals and swindled out of large sums of money. We have therefore arranged for an IT expert to come and inform us about the methods used by tricksters.

Owing to the nature of his profession, Antonio D'Amico regularly comes into contact with the cunning schemes and convincing acting well informed crooks employ,  to rob us of our hard earned savings.

On Tuesday, June 14, he will address us in the hall to tell us how to recognize suspicious phone calls or emails and how to react. Forewarned is forearmed. Be there at 10 am. It could save you a pretty penny.

## Medical hints: Emergency bag

Keep a small soft clearly marked emergency bag or backpack **permanently packed** with the following items:

•Copy of personal information and medical history.
•Copy of Id and medical scheme card.
•Copy of vaccination record/certificate, masks and small sanitiser.
•Copy of Living Will if you have one.
•Copy of latest prescription and chronic medication.
•Set of pyjamas, nightgown, slippers and underwear.
•Cellphone charger and electrical plug .
•Something to read; small notebook and pen; and small flashlight.
•R50 cash to buy hospital tv earphone.
•Small toiletry bag with necessary items .

If you have an emergency like a slip and fall; or passing out, or just unable to think clearly, or if your children are not reachable immediately or living far away, it is YOUR OWN responsibility to be prepared, even if you are going to the hospital yourself or be taken by an ambulance, or calling on Frail care with your panic button.

## HET JY GEWEET?

AFASIE (disfasie) is 'n taalgebrek wat die ontwikkeling van spraak en begrip daarvoor aantas, en nie slegs 'n artikulasiegebrek nie.(dislalie) Dit word veroorsaak deur siekte in die linkerhemisfeer van die brein (die dominante hemisfeer) van 'n regshandige persoon. Dit gaan gewoonlik gepaard met lees-en skryfprobleme. Afasie is so pas gediagnoseer by die bekende akteur Bruce Willis, wat nou op 67-jarige ouderdom afgetree het.
(Onthou sy flieks soos Die Hard….)

ALOPESIE is die afwesigheid van hare in areas waar dit normaalweg groei. Alopesie kan oorerflik wees (die gewone progressiewe verlies aan hare op die hoof by mans); dit kan te wyte wees aan siekte of besering; of dit kan weens ouderdom wees. Jada Pinkett-Smith, vrou van bekende akteur Will Smith, is gediagnoseer met hierdie outo-immuunsiekte. (Will het tydens die Oscar-seremonie die aanbieder Chris Rock 'n taai klap op die verhoog gegee toe Chris na Jada se haarlose kop verwys het)

## INSPIRASIE: VAT DIE TYD REG VAS

"Tyd is die waardevolste ding wat 'n persoon kan bestee," skryf Theophrastos. Almal op die planeet word gelyk beregtig wanneer dit kom by ons elkeen se daaglikse deeltjie tyd. Elke dag bestaan steeds uit 24 uur. Ons elkeen het egter die verantwoordelikheid om dit reg uit te leef. Gesonde tydbenutting begin met die doelbewuste verwelkoming van God in ons daaglikse program.

Gesonde, daaglikse dissipline bied oorgenoeg ruimte vir God en Sy Woord. Nooit mag ons slawe word van 'n oorvol dagprogram wat daartoe lei dat mense naby aan ons afgeskeep word nie. Ons maak altyd tyd vir God en vir mekaar. So nie, mors ons ons tyd met die verkeerde dinge. Dan gaan ons lewensmoeg raak en opgeskeep sit met moeë harte. Maak seker dat vandag se deeltjie tyd nie vermors word nie.

(Stephan Joubert)

## NUWE INTREKKERS

U word hartlik verwelkom deur die Bestuur en Direksie. Doen navraag by die vriendelike ontvangsdames oor enige onsekerhede tov reëls, landgoedbedrywighede, aktiwiteite, en prosedures indien u nie die Leefstylgids het nie. Maak ook gereeld 'n draai by die kennisgewingborde in ontvangs.

37 Catharina de Klerk
45 John en Marie Louw
220 Flip en Marcha Geyer

## BINGO

Take note that Bingo is being played every Thursday at 15h00 in the hall. Come and enjoy the afternoon with the rest of the crowd.

We are playing 6 games with a line and a big price each line and a big price at the end.

Buy your card with the 6 games for R30

# ELDORAIGNE

# RETIREMENT ESTATE RENTALS

***APARTMENTS:***

**1 Bedroom, 1 Bathroom**

**Starting from R7 670 pm**

**Excluding Kitchen Levy of R255.97 and electricity.**

**50 PLUS**

**STELLA CLOETE**
**072 459 2230**
**stella@csiproperties.co.za**

**011 805 6316**
**www.csi-euf.co.za**

CSi Sales Rentals Property Management
Trustworthy Property Solutions

*Registered with the PPRA

HAPPY Father's DAY

CSi Sales Rentals Property Management
Trustworthy Property Solutions
*Registered with the PPRA

# Eldoraigne Aftree Landgoed

2 slaapkamer / 2 badkamer / stoor kamer / enkel motorhuis / simpleks / **R1 900 000**

3 slaapkamer / 2 badkamer / dubbel motorhuis / simpleks / **R2 475 000**

2 slaapkamer / 1 badkamer / Parkeer afdak / woonstel / **R1 350 000**

1 slaapkamer / 1 badkamer / parkeer afdak / woonstel / **R920 000**

**Ruan Erasmus**
**071 481 6199**
**ruan@csisales.co.za**

